Die Wysheidsboeke

Spreuke, Prediker en Hooglied

Reis deur die Bybel

Collage Gemeenskapskerk

Agtergrond

- Staan bekend as **Wysheidsboeke** of **poëtiese boeke**
- Wysheid gaan oor aanleer van ware Bybelse wyshede
- **Spreuke** leer ons dat vrees van die Here is die begin van wysheid
- **Psalms** leer dat ons wysheid bekom deur regte gebruik van ons tyd
- Wysheid moet ons strewe wees – deur lering, waarneming en ondervinding

Spreuke: Agtergrond

- Ware wysheid kom deur **kennis** van God en kennis van onsself (Job leer ‘n nuwe aspek van God ken)
- Spreuke leer ‘n jong man om homself te ken en dan ook God te ken
- Die boeke van Spreuke en Prediker het **2 fokuspunte**:
  - **Vertikaal** – kennis van God is die begin van wysheid
  - **Horisontaal** – verhoudings in huwelik, kinders en verhouding met die gemeenskap

Spreuke: Kenmerke

- ‘n Spreuk is ‘n stelling van ‘n algemene toepasbare beginsel.
- Spreuke is gegrond op lewensondervinding – som ‘n tydsbeproefde beginsel op
- Spreuke spruit uit lewensondervinding.
- Spreuke is nie beloftes nie - dis algemene waarnemings van die lewe Bv Spreuke 22:6
- Spreuke wys dat ‘n kind wat op die regte manier grootgemaak word kan dalk die pad van ‘n dwaas kies
- Spreuke is nie opdragte nie

Spreuke

Rig die jongmens af ooreenkomstig die pad wat hy moet loop; selfs wanneer hy oud geword het, sal hy nie daarvan afwyk nie

Spreuke 22:6

Spreuke

Weersprekings:

- **Spreuke 26:4-5** *Antwoord ‘n dwaas nie na sy sotheid nie, sodat jy ook nie net soos hy word nie. 5 Antwoord ‘n dwaas na sy sotheid, sodat hy nie wys is in sy eie oë nie*.
- Ken die dwaas: Antwoord hom sodat hy sy dwaasheid besef (onderskeiding)
- Sien die 2 konflikterende stellings as los van mekaar

Spreuke: Indeling

Spreuke bestaan uit 5 versamelings:

1. Gedagtes oor wysheid (1-9)
2. Die spreuke van Salomo (10:1-22:16)
3. Woorde van die wyses/wysgeërs (korreleer met Egiptiese wyshede - Jode het geglo dat “All truth is God’s truth”) (22:17-24:34)
4. Meer van Salomo se spreuke (25-29)
5. Gesegdes van Agur (30) en Lemuel (31)

Spreuke Vandag

Spreuke vandag – vra jouself af:

- Wat raak dit in my lewe?
- Wat is die verskil tussen my binneste en die wêreld?
- Wat is die kenmerke van die dwaas – sien ek dit in myself?
- Wat is die verskil tussen ‘n dwaas en ‘n spotter?

Spreuke: Inhoud

Kernboodskap in Spreuke

Goue appels op versierde silwerborde, so is ‘n woord op sy tyd gespreek

Spreuke 25:11

PREDIKER

Reis deur die Bybel

Collage Gemeenskapskerk

PREDIKER

Agtergrond:

- Daar word nie openlik verwys na Salomo as die skrywer nie
- Inleidende teks gee tog ‘n aanduiding: *Die woorde van die Prediker, die seun van Dawid, die koning in Jerusalem (Prediker 1:1)*
- Waarskynlik geskryf na Salomo se afdwaling – omtrent 935VC

Prediker

Lering oor wysheid:

- Hebreeuse manier van lering
- Ons leraars/teachers vandag gee die antwoorde op moeilike vrae
- Geskiedkundige Hebreeuse leringsmetodiek is om inligting te gee oor omstandighede en vrae te vra sodat die student self die waarheid ontdek
- Leraar gee nie antwoorde nie – lei die student om self by antwoorde uit te kom

Prediker

- God gebruik hierdie tipe lering met Job – hy vra vrae oor Sy aard en dan moet Job **self** by die antwoorde uitkom (Job 38-41)
- Job kom by die antwoorde uit in Job 42
- Prediker gebruik dieselfde metode:
  - Vra vrae wat leerder laat dink
  - Beskryf situasies wat leerder uitdaag om by die Antwoord uit te kom
  - Beskryf probleme wat leerder help dink oor oplossings

DIE BOODSKAP VAN PREDIKER

- Die negatiwiteit van die boodskap laat mens wonder of die boek in die Bybel hoort
- Kennis van die Hebreeuse “teaching style” help ons om Prediker te sien as ‘n begeleide soeke na wysheid
- Daar is 2 motiewe in die soeke na wysheid:
  - “Ydelheid”kom telkemale voor in die boek – betekenisloosheid, onregverdigheid en tydelikheid van alles
  - Vreugde is ‘n sentrale tema van Prediker – veral vanaf 2:24

Prediker

Tema van Prediker is die soeke na betekenis in die lewe

- “Lewe onder die son” vanuit aardse perspektief kom 29 keer voor
- “geskenk van God” en “vanuit die hand van God” (5X) word met vreugde en genot gepaar

2 Weë:

Lewe as geskenk van God = Vreugde
Lewe “onder die son” = Ydelheid



Prediker

The wisdom of Ecclesiastes is this: God has put eternity into man's heart, yet so that he cannot find out what God has done from the beginning to the end.

God has given man an awareness of eternity and of true joy. However, we will never find this joy in our own efforts. True joy is found only in relationship with God, the fear of God.

Dr. Randall McElwain

Prediker in die Nuwe Testament

Die boodskap van prediker word in die Nuwe Testament herhaal:

- Jesus waarsku oor die nutteloosheid van die najaag van rykdom
- Terselfdertyd belowe Jesus dat daar altyd lewensvoorsiening sal wees vir diegene wat **EERSTE** Sy koninkryk soek

Prediker: Opsomming

“Life lived for the things of this earth is vanity; life lived as the gift of God brings true joy”

(Dr. Randall McElwain)

HOOGLIED

Reis deur die Bybel

Collage Gemeenskapskerk

HOOGLIED

Titel: Die woord “Hooglied” beteken *die lied bo alle liedere* of die *beste lied*

- Die woorde “Hooglied van Salomo” koppel die boek aan Koning Salomo
- Grootste vraag oor hierdie boek is “HOE interpreteer mens hierdie boek?”

HOOGLIED: INTERPRETASIE

Allegoriese interpretasie (beeldspraak):

- Word nie gesien as ‘n bloot menslike romantiese verhaal nie
- Dit word as beeldspraak gesien
- Die romantiese verhouding uitgebeeld verteenwoordig die liefdesverhouding tussen God en Sy mense/volk
- As Christene beeld dit God se liefde vir Sy kerk uit

HOOGLIED: INTERPRETASIE

Poëtiese interpretasie

- ‘n Prentjie van menslike liefdesromanse
- Versameling van liefdes**gedigte**
- OF verhaal wat strek van hofmaak tot die huwelik (narratiewe struktuur)
- Geen bewyse van allegorie soos voor 20e eeu geglo is nie
- In 20e eeu het letterlike vertolking posgevat

HOOGLIED: DIE BOODSKAP

Hoekom is hierdie boek in die Bybel?

- Dui op die WAARDE van menswees
- Seën van die lewe kom uit God se hand
- Mag geniet word deur die wat die Here liefhet
- Hooglied wys daarop dat menslike liefde ‘n gawe van God is wat gekoester en waardeer moet word
- Die wat God liefhet, sal dit geniet en waardeer binne die grense wat God stel (die huwelik)

Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie; want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed.

1 Timoteus 4:4-5